higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

BESTUURSKOMMUNIKASIE N4

(Eerste vraestel)

24 Mei 2021

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: PRECIS

Gepaste titel. bv. Die uitwerking van 'Facebook' op verhoudings
'Facebook' verander die samelewing

Inhoud: Indirekte volsinne in paragrawe; geen dialoog nie✓**#**

- In die huis van Jan en Lalie Louw in die noordelike voorstede van Kaapstad, om 20:00 kom Jan in die studeerkamer ingeloop waar Lalie agter die rekenaar sit.
- Jan vra of hulle dan nie daardie aand gaan eet nie. Sy antwoord dat daar eiers en brood in die kombuis is en dat hy homself moet help.
- Jan antwoord nors dat dit al is wat hy daardie hele week al eet. Lalie antwoord sugtend dat sy nie tyd het nie want sy is agter met haar fb-inskrywings en sy moet ook 'n klomp goed opsit.
- Hy vra wat en sy antwoord eerstens verlede week se foto's van hulle op die lughawe.
- Jan wil weet waarom want dit was vir Piet-hulle wat hulle op die lughawe gaan haal het; niks nuuswaardig nie.
- Sy antwoord dat dit die indruk by haar 1204 "friends" skep dat hulle baie reis.
- Op Jan se gebrom vir genade reageer sy dat sy ook nog 'n mooi aanhaling van 'n filosoof soek om te "share" om te wys dat sy 'n diep denker is.
- Hy brom weer "genade" en sy antwoord dat sy ook nog hulle kleinkinders se cum-laude sertifikate vir kunswedstryde wil opsit
- Hy vra wie eintlik belangstel en sy antwoord dat 'n mens maar mag spog.
- Dan wil sy ook nog 'n oulike foto van hom en Wagter wat aan sy pantoffel kou, opsit.
- Op sy vraag oor die verband oor 'n skrapie op haar kuit, antwoord sy dat mens ook jou leed en pyn op "facebook" deel.
- Nog 'n "genade" van Jan laat haar onthou sy moet nog haar "friends" inlig oor die "genade reën" by hulle.
- Jan deel haar nors mee dat hy nou by n "fancy" restaurant iets gaan eet en sy vra op gewonde dat hy nie moet vergeet om 'n foto te neem nie sodat die "friends" kan sien dat hulle gereeld uiteet.

- LET WEL: Aantal woorde aangedui mag nie meer as 100 woorde wees nie.**#**

UITLEG # 4	INHOUD 10	TAAL/STYL 6
Gepaste titel = 1 Paragrawe = 1 Aantal woorde = 1	10	Merk negatief - ½ punt per fout

[20]

VRAAG 2: TELEFOONBOODSKAP

TELEFOONBOODSKAP

AAN: xxxxx
VAN: xxxxx
DATUM: 03/04/2021
TYD: 09:30

BOODSKAP

Jou finale werksonderhoud✓ met Vriendelike Tegnologie✓ is op Dinsdag 16 Mei✓ om 14:30✓ in die maatskappy se raadsaal.✓

UITLEG # 5	INHOUD ✓	TAAL 5
Merk negatief: -1 punt per fout	5	Merk negatief: -½ punt per fout

[15]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3: UITNODIGINGSBRIEF

Tel.: 012 606 XXXX
Faks: 012 606 XXXX
Kollege vir Tegnologie

ENIGE straat- of posadres
PRETORIA
ENIGE kode

ENIGE datum:

Mnr. R. van Rensburg
Adres:XXXXX
DORP
KODE

Geagte mnr. Van Rensburg

UITNODIGING OM AS GASSPREKER OP TE TREE (maks. 6 woorde)

Paragraaf 1 – Welwillendheid.✓✓
Rig die uitnodiging om die finalejaars toe te spreek; verwys na die artikel in *Tygerburger* en verduidelik dat die uitnodiging daaruit voortspruit.

Paragraaf 2 – Gee besonderhede oor die geleentheid.
Afsluitingsfunksie met 'n dinee en dans✓
PLEK – in die kollege se saal om ENIGE TYD✓ op ENIGE DATUM ✓
Die gaste is die finalejaarstudente en hulle dosente✓
Onderwerp: Die invloed van sosiale media praat✓

Paragraaf 3 – Die sinvolle gebruik van Facebook is die onderwerp van die toespraak✓
Duur: Enige✓
Beskikbaarheid van oudiovisuele toerusting en ander toepaslike detail✓

Paragraaf 4 – Verdere reëlings indien die uitnodiging aanvaar word
Sperdatum om op uitnodiging te reageer✓
Persoon wat spreker sal ontvang en waar en hoe laat✓
Optreefooi: Verwys na fooi en onkostes indien nodig✓
LET WEL: Reis- en verblyfkoste indien die spreker nie in Pretoria bly nie

Paragraaf 5
Versoek dat 'n CV en onlangse foto aangestuur word vir die berig in die personeelblad.✓

Paragraaf 6 – Welwillendheid✓
Ons sien daarna uit om u te ontvang./Ons vertrou dat u die uitnodiging sal aanvaar.

Die uwe

Handtekening
Naam (enige)
Hoedanigheid (bv. Organiseerder jaareindfunksie finalejaarstudente)

UITLEG # 4	INHOUD	TAAL 6
Merk negatief -1 punt per fout	15	Merk negatief: -½ punt per fout

[25]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4: ONDERSOEKVERSLAG

VRIENDELIKE TEGNOLOGIE #
ONDERSOEKVERSLAG OOR die uitwerking van Facebook op die gesin – #

1. Die opdrag #
   Op ENIGE DATUM tydens 'n werksonderhoud by Vriendelike Tegnologie is jy versoek om 'n ondersoek te loods na bogenoemde onderwerp en die verslag 'n week voor jou finale onderhoud in te handig vir evaluering.✓

   Die doel #
   Die doel van die verslag is om jou vermoë as navorser te evalueer.✓

2. Ondersoekmetodes #
   Impromptu onderhoude met medestudente✓
   Vraelyste wat jy in die klas uitgedeel het✓

3. Bevindinge #
   90% van die respondente voel dat hulle te veel tyd op Facebook spandeer✓
   Dit het 'n negatiewe uitwerking op die gesin.✓
   Wetenskaplike artikels toon ook aan✓
   dat gebruikers daagliks te veel tyd op Facebook spandeer✓
   Enige toepaslike inligting✓

4. Gevolgtrekkings #
   As Facebook te veel gebruik word, kan dit oor die algemeen 'n negatiewe uitwerking op die verbruiker en sy/haar gesin hê.✓
   Enige toepaslike inligting✓

5. Aanbevelings #
   Die publiek moet gemotiveer word om minder tyd op Facebook te spandeer✓

Opgestel deur: #
Handtekening #

Student xxxx #

Adres/Straat #
xxxxx
PRETORIA #
0002
Datum #

UITLEG # 4	INHOUD	TAAL 4
Merk negatief: -1 punt per fout	12	Merk negatief: -½ punt per fout

[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5: OMSENDBRIEF

KOLLEGE VIR TEGNOLOGIE #

Tel. (011) XX XXX #
Faks (011) XX XXX #

Kollege enige adres #
PRETORIA #
KODE #

Datum (enige)

Finalejaarstudente in Bestuurskommunikasie #
Kollege vir Tegnologie #
XXXXX #
PRETORIA #
XXXXX #

Geagte medestudent #

OPSKRIF ABBA-beginsel

Paragraaf 1 – Welwillendheid, bv. Die einde van ons pad by Kollege vir Tegnologie is om die draai✓ (enige ander toepaslike sin)

Paragraaf 2 – Jaareindfunksie: Saterdag, 8 Augustus, om 19:30 vir 20:00 in die kollege se saal✓✓✓

Paragraaf 3 – Drag: Formeel✓✓

Paragraaf 4 – Driegangmaal✓

Paragraaf 5 – Gasspreker: Rudie van Rensburg✓✓

Paragraaf 5 – Welwillendheid, bv. Skud julle vere reg/Sien julle daar/Enige ander toepaslike sin✓

Vriendelike groete #

Handtekening #

Naam en van (enige in hoofletters)

VOORSITTER: SOSIALE KOMITEE #

UITLEG # 5	INHOUD 10	TAAL/STYL 5
Merk negatief: -1 punt per fout	10✓	Merk negatief: -½ punt per fout

[20]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou